**Maandag 24 September**

| **Skrifgedeelte: Rigters 16:23-31** | **Fokusgedeelte: Rigters 16:23b** |
|---|---|

# God se vyande vier fees, maar nie vir altyd nie

Nadat die Filistyne en hulle leiers daarin kon slaag om Simson te vang en sy oë uit te steek, het hulle feesgevier. Die rede vir hulle feesvieringe was: “Ons god het ons vyand Simson in ons mag oorgegee.”

Die ware rede waarom hulle Simson kon vang, was egter dat die Here Simson verlaat het (:20). Amper soos met koning Saul, maar nie heeltemal nie. God het weer na Simson geluister in die gevangenis en hom verhoor tussen die twee pilare. God se eiendom bly syne in lewe en in sterwe. Simson het ’n Nasireër gebly tot sy dood toe.

God laat dié wat Hy aan Homself toewy, nie los nie – ook deur hulle droewige val heen handhaaf God sy seggenskap oor hulle. Simson het met sy dood meer mense dood-gemaak as in sy lewe. Jesus Christus het deur sy dood baie wat vyande van die ware God was, met God versoen – en noudat ons met God versoen is, te meer sal ons deur sy lewe gered word.

Hoe anders is die lewe en sterwe van Christus as Simson s’n! Of die getal van verloste mense deur die dood en lewe van Jesus meer sal wees as die vyande van God, weet ons nie. Openbaring praat van ’n ontelbare skare wat die lof van God en van die Lam besing. Maar in Openbaring lees ons ook van die bloed van die mense wat gekom het tot aan die tooms van die perde 1600 kilometer ver!

*Sing: Skrifberyming 5-2:8, 9*

*Ds. JH (Hans) Grobler (Bloemfontein-Suidheuwels)*